# GEMEENTENUUS

## NG Zastron bied aan:




## NG Bedelia, Welkom se Wildsfees:

Alhoewel dit nog geruime tyd is voordat hierdie geleentheid plaasvind, wil die gemeente reeds met die bemarking daarvan begin. Klik gerus hier vir al die besonderhede rakende die geleentheid, asook die kompetisie wat daarmee saamloop.




# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

## Werkswinkel - Die behandeling van persone met substansgebruiksversteurings:

Hierdie geleentheid is gerig op professionele persone, ***ook predikante***, wat nie spesifieke opleiding het in die spesiale vaardighede wat nodig is om effektiewe dienste aan mense met substansgebruiksversteurings te kan lewer nie. Die doel van hierdie werkswinkel is om 'n basiese inleiding tot die identifisering en bestuur van substansgebruiksversteurings te bied. Werkswinkels deur die SANCA Aurora Sentrum, word op verskeie plekke aangebied en die **geleentheid in Bloemfontein vind op 24 & 25 Junie 2019** plaas. Klik hier vir meer inligting en die registrasievorm - ***daar is afslag vir diegene wat vóór 15 Maart 2019 registreer en betaal***. Vir enige navrae, kontak vir Marietjie Landsberg op 051 447 4111 (k), of per e-pos by info@auroracentre.co.za




**'n VBO-geleentheid - Studietoer na Isreal:** Wou u nog altyd graag na Israel reis? Besoek die Heilige Land vanaf **21 - 29 November 2019** saam met proff Francois Tolmie en Fanie Snyman, asook dr Lodewyk Sutton van die UV se Fakulteit Teologie en Religie. Belangstellende leraars kan elk **30 - 50 x VBO-punte verdien** (30 punte vir die besoek en 'n verdere 20 punte vir die inhandiging van 'n werkstuk ná aanleiding van dié besoek). **Deposito's is teen 31 Maart 2019 betaalbaar** - klik ook hier vir meer inligting, sowel as die skematiese voorstelling van die reisplan. Rig enige navrae hieroor aan dr Sutton by suttonl@ufs.ac.za, of by OberholzerM1@ufs.ac.za

**Neem asseblief kennis: Dit is die beleid van *Vrypos* om geen toere te adverteer nie, maar omdat hierdie toer 'n VBO-geleentheid is, word 'n vergunning gemaak.**

Klik hier vir 'n 2019-Jaarprogram van die Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling se opleidingsgeleenthede.